NUUSBRIEF: Junie 2015

*Meeste lede het klaar ge-oes, die skoolvakansie lê om die draai, en vir die gelukkiges is die uittog na die jagveld en sommer net die warmer Bosvêld op hande. Geniet dit en kom veilig terug!*

**Konferensie**

'n Baie geslaagde Konferensie is op 20 Mei 2015 gehou by Nelson Wine Estate buite die Paarl. Die groot getal lede en gaste is toegespreek deur die bekende joernalis en politieke kommentator, Max du Preez, en die gerespekteerde landbou ekonoom van US, Prof Nick Vink. Max het uit die vuis gepraat en ons het dus nie elektroniese kopië van sy toespraak nie, maar kopië van Prof Vink se syfers wat hy aan die gehoor voorgehou het is wel beskikbaar op versoek aan ons kantoor in die Paarl. Hy het gekyk na landbou produksiesyfers en winsgewindheid, asook beleggersvertoue en indiensneming - ook die bekostigbaarheid van voedsel.



*Vlnr. Francois Malan, voorsitter, Max du Preez, Jack van Dyk, en Prof Nick Vink.*

**Jaarvergadering**

Francois Malan het in sy voorsittersverslag daarop gewys dat ons ledetal nou op 411 staan, en lede bedank vir hulle getroue ondersteuning. Hy het verwys na die baie geslaagde blitsopname wat pas gedoen is oor behuising en indiensnemingstendense, en lede aangemoedig om die nuwe opname wat tans gedoen word om die omvang van vakunielidmaatskap in landbou te bepaal te ondersteun. Die KAW sal weer voorleggings doen aan die Diensvoorwaardeskommissie oor die drie-jaarlikse hersiening van die Sektorale Vasstelling vir Plaaswerkers. Hy het ook genoem dat Jack van Dyk aangedui het dat hy die tuig gaan neerlê aan die einde van hierdie jaar – na 16 jaar aan die stuur! Die werwing vir 'n opvolger vir hom sal volgende kwartaal begin.

Die geouditeurde finansiële state vir die jaar tot 28 Februarie 2015 is goedgekeur, en die huidige Uitvoerende Komitee is herkies. Hulle is Francois Malan, voorsitter, Estelle Engelbrecht, onder-voorsitter, Suzie Mudge, Blackie Swart, Abert Rust en Neil Hamman. Daar is groot waardering uitgespreek vir hulle diens en bereidwilligheid om weer te dien.

**Hersiening van ledegeld**

Die vergadering het besluit dat ledegeld, wat tans R1500 pj jaar is, verhoog word met R100 pj (+6,7%) tot R1600 pj – maar pleks van deur die bank word 'n glyskaal ingestel, gebasseer op werksmag-grootte, as volg:

- < 10 werkers = R1200 pj – dws 'n verlaging van R300 pj (-20%) [dit raak tans 14 lede]
- 10 tot 499 werkers = R1600 pj (+6,7%) [tans 377 lede]
- > 500 werkers = R2000 (+33,3%) [dit raak tans 24 lede]

Hierdie verhoging tree in werking vanaf die begin van die nuwe finansiële jaar, dws. 1 Maart 2016.

Die eenmalige registrasiefooi vir nuwe lede verhoog met onmiddelike effek van R800 na R1000 (+25%), met dien verstande dat indien die nuwe lid nie verteenwoordiging benodig binne ses maande van aansluiting nie, hy geregtig sal wees op 'n korting van R200.

**Hersiening van die Sektorale Vasstelling vir Plaaswerkers**

Openbare verhore met die oog op die hersiening van die Sektorale Vasstelling vind in Augustus 2015 plaas, en die KAW sal 'n skriftelike voorlegging doen en mondelinge getuinis aflê. Afgesien van die moeilike bepaling van 'n nuwe minimum loon, wil ons ook verskeie bepalings in die Vasstelling waaroor daar verskil van mening oor die vertolking van die bepalings heers uitlig met die oog op regssekerheid.

Uiteraard sal ons ook vertoë rig wanneer die Departement van Arbeid sy ondersoek na 'n nasionale minimum loon begin.

**Blitsopname om die omvang van vakunie lidmaatskap in landbou te bepaal**

Hierdie opname is 'n week gelede geloods (ook buite ons ledebasis in Wes-Kaap), en produsente reageer in baie groot getalle – wat ons 'n baie verteenwoordigende en betroubare bevinding gaan gee. Lede word aangemoedig om deel te neem. Gaan net na ons webblad www.caeo.co.za , gaan na "NUUS" en dan "Blitsopname 2" – dit is in elektroniese formaat en neem slegs minute om in te vul. Produsente wat deelneem sal 'n kopie van die opnameverslag kan aanvra.

Vrydag 12 Junie 2015